# LAERSKOOL ASHTON * ASHTON PRIMARY SCHOOL

**GEORGESTRAAT**
**ASHTON**
**6715**
**TEL: 023 – 615 1370**

**GEORGE STREET**
**ASHTON**
**6715**
**FAX: 023 – 615 2327**

**E-pos/E-mail: admin@ashtonps.co.za**

20 April 2020

Geagte Ouers

**STAND VAN SAKE, LAERSKOOL ASHTON, 20 APRIL 2020**

Ons vertrou dat dit onder omstandighede goed gaan met elke huisgesin. Graag wil ons almal bedank vir hulle harde akademiese werk by die huis. Dit is regtig ongelooflik hoe u as ouers, ons as onderwysers se hande vat met die skoolwerk. Ons waardeer die moeite, tyd en opoffering.

Baie dankie vir elke boodskap, foto, oproep en e-pos van waardering aan die personeel. Dit is lekker om van u te hoor en te sien dat die kinders 'n groot poging aanwend by die huis. Hou asseblief vol daarmee om ons te kontak, ons help graag.

'n Mens kan net groei buite jou gemaksone. Ons almal is uit ons gemaksone geruk met die pandemie. Ons het nuwe dinge geleer en nuwe maniere van dinge doen. Dankie vir u as ouers wat saam met ons gegroei het en steeds groei.

Aan die personeel van Laerskool Ashton wat hierdie uitdaging aangegryp het en nie teruggestaan het nie, baie dankie vir julle harde werk en positiewe gesindheid. Spanwerk laat die droom werk, julle is voorwaar 'n span tienduisend.

'n Laaste word van dank aan die SBL in hierdie tyd. Julle saamdink, planne beraam en bloot beskikbaarheid wanneer julle gekontak word is prysenswaardig. Dankie vir julle betrokkenheid en omgee.

Daar is tans nog geen amptelike plan of kennisgewing vanaf die Nasionale- en, of Provinsiale Onderwysdepartemente nie. Vriendelik word u versoek om versigtig met kennisgewings om te gaan wat u op sosiale media ontvang. Wanneer ons amptelik hoor wat die planne vir heropening is, sal dit aan u deurgegee word.

Ek benadruk weer dat ek en die personeel beskikbaar is om te help. Kontak ons gerus.

Wees veilig, was gereeld hande en geniet die tyd saam met u kinders.

Vriendelike groete

JC Burger
Skoolhoof